

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 2.35 Vol 381 Pg. 22058 - 22119

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-04-18

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 381

(Bladsye 22 058 - 22 119)

HOF HERVAT OP 13 APRIL 1988.

MIRIAM VUYISWA MOLELEKI, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mevrou, Donderdag, was ons besig met Augustus 1984 se gebeure in Worcester. Nog steeds in Augustus 1984. Is dit reg dat daar 'n blankevrou met die naam van Jenny Schreiner het opgedaag daar een dag, sy is van die Kaap en sy en u en Elizabeth Buswana het toe 'n vergadering gaan hou? -- Dit is nie so nie.

Ken u vir Oscar Mpetha? -- Ek het al van hom gehoor, ja.

Is dit nie so nie, u het nie net van hom gehoor nie, (10) hy het u ook gekontak hier gedurende Augustus/September, ek het nie die presiese datum nie, 1984? -- Hy het nie met my gepraat nie.

Is daar 'n ander vroue-organisasie in die Kaap bekend as die United Women's Front? -- Ek het daarvan gehoor, ja.

Is dit nie so nie dat daar gedurende 1984 was daar probleme tussen UWO en die United Women's Front, hulle het nie eintlik langs dieselfde vuur gesit nie? -- Dit is so, ja.

Ek wil aan u stel dat Oscar Mpetha het u oor hierdie tweespalt geskakel en hy het gesê u moet tog kyk of u nie (20) van u kant af kan help dat UWO en die United Women's Front versoen kan raak nie? -- Ons het nie die United Women's Front te Worcester gehad nie. Ons het net UWO gehad. So, daar was geen manier waarop ek kon probeer het om die twee te versoen nie, want ons het nie 'n ander tak daar by ons gehad nie.

Ek wil dit aan u stel Oscar Mpetha het aan u gerapporteer dat hy met die ander vroue van Cradock, Somerset-Oos en Graaff-Reinet ook geskakel en gesê hulle moet dieselfde ook probeer doen as wat hy u vra? -- Ek het al antwoord gesê dat Oscar nie met my gepraat het nie. (30)

Net 'n laaste vraag oor hierdie aspek. Die United Women's Front is dit ook 'n geaffilieerde van UDF? -- Ons het nog nie die organisasie ontmoet nie. So, ek weet nie daarvan of hulle ooit aangesluit het nie, want toe hulle nog daar vergader het oor hierdie aangeleentheid was dit in 1985.

HOF : Wie? -- Dit is die UWO en die UWF wat bymekaar gekom het in daardie jaar. So, toe ek my lidmaatskap beëindig het, was hulle besig om dit nog te bespreek.

MNR. FICK : Ek wil met u dan gaan na 14 Oktober 1984. Weet u van 'n vergadering wat gehou was te Kruispad in die Kaap (10) wat gegaan het oor die verskuiwing van die mense na Khayelitsha? -- Wat sê u wat was die datum?

14 Oktober 1984? -- Nee, ek onthou dit nie. Ek was nie by daardie vergadering teenwoordig nie.

Het daar nie 'n afvaardiging gegaan van die Western Cape Civic Association en hierdie vergadering ook gaan toespreek nie? -- Ek is daarvan bewus dat daar afgevaardigdes was van ons tak wat die vergadering bygewoon het, maar ekself was nie daar nie.

Is dit so dat Matthews Kapa was een van die afgevaar-(20) digdes? -- Ja, ek onthou dat dit so was.

En is dit reg so dat Matthews Kapa daar in die Kaap moes hy gaan praat en hy moes gaan oordra dat julle in Worcester ondersteun die mense wat weier om verskuif te word? -- Ek stem nie saam nie, al was ek nie daar nie, maar al wat ek van weet is dat hy 'n verslag moet neem van Zweletemba af. Dit is al waaroor hy moes gaan praat het.

Eerstens, kan u vir ons sê, wie het hierdie vergadering by Kruispad aangebied waar hy moes gaan praat? -- Die bestuur van die "civic".

(30)

Is/...

Is dit nou die hoofkantoor van die Western Cape Civic Association in die Kaap? -- Dit is so, ja.

Wat se verslag moes Kapa gaan doen in die Kaap? -- Oor die probleme wat ons ondervind.

Maar moes hy nie ook gaan praat oor verskuiwings na Khayelitsha toe nie? -- Dit het niks met ons te doene gehad nie. Ons het ons eie probleme hier gehad by die Western Cape Civic Association se tak en daardie was die probleme van die mense daar in daardie omgewing.

Net 'n laaste vraag oor die vergadering. Is dit so (10) dat hierdie vergadering was 'n massavergadering wat in die Kaap gehou is by Kruispad? -- Ek het alreeds gesê dat ek nie die vergadering bygewoon het nie. Ek weet dus nie of dit 'n massavergadering was nie, want al waarvan ek geweet het was dat daar 'n vergadering gehou gaan word.

Maar wil u nou werklik vir die hof sê u as 'n bestuurslid van die Western Cape Civic Association te Worcester na wat se vergadering u afvaardiging moet gaan nie?

HOF : Kan ons net duidelikheid kry. Was dit 'n openbare vergadering waar die publiek toegang gehad het? -- Al wat aan (20) ons gesê was was dat ons twee afgevaardigdes moes stuur na hierdie vergadering op hierdie datum. Dit was nie aan ons gesê of dit 'n openbare vergadering gaan wees vir die publiek of wat se soort vergadering aan dit wees nie.

MNR. FICK : Ek wil dan met u gaan na die tydperk 18/19 Januarie 1985. Op daardie stadium, is dit reg, het die vorige raadslede reeds bedank gehad, omtrent almal van hulle? -- Ja, dit is so.

En is dit reg daar was sprake van dat daar weer 'n verkiesing gaan kom vir nuwe raadslede? -- Wanneer? In 1985?

Na 19 Januarie 1985? -- Nee, daar was nie sprake gewees (30)

van/...

van h verkiesing van ander raadslede nie.

Daardie dag van 18/19 Januarie 1985 is dit nie so dat daar orals in Zweletemba plakkate opgeplak was om vir die mense te sê hulle moenie stem vir die raadslede nie? -- Die gemeenskap het op sy eie op h vergadering op die 16de besluit dat hulle nie die raadslede wil hê nie, met die gevolg dat daar nie raadslede gekies moet word nie. Op die 16de al was dit reeds bekend gewees dat die mense nie belang stel in die raadslede nie.

Ons praat nou van 16 September 1984? --Ja, voor die (10) 16de was daar h vergadering gewees. Wat ek probeer sê is, voor 16 September 1984 was daar h vergadering gewees waar die gemeenskap bekend gemaak het dat hulle nie belang stel in die raadslede nie. U stelling van Januarie 1985 is vir my verbasend, hoekom daar nog so iets sal wees dat daar plakkate opgesit is, terwyl die mense die alreeds vroeër gesê het dat hulle nie belang stel daarin nie.

Ons kan dit dalk probeer korter maak. Is dit nie so dat die owerheid het nominasies gevra in daardie tyd vir die verkiesing van nuwe raadslede nie? -- Ek onthou dit nie. (20)

U het nog nie h direkte antwoord gegee nie. Het u enige plakkate gesien in Zweletemba die oggend van 19 Januarie 1985 in verband met die raadslede, dat daar gesê word hulle moenie stem vir raadslede nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Ek wil dan met u gaan na Februarie 1985. Is dit so dat daar in Februarie 1985 h tak van SAAWU, South African Allied Workers Union gestig is in Zweletemba? -- Dit was nie gestig nie. Daar was wel samesprekings gevoer met die werkers.

En is dit reg die persone wat probeer het om hierdie (30)

tak/...

tak van SAAWU te stig was onder andere Matthews Kapa en Shepard Matshoba? -- Nee, dit is nie so nie.

Wie sê u het hierdie tak van SAAWU probeer stig? -- Abel, Dlikilili en 'n ander seun wie se van Mtayi is. Ek onthou net nie sy naam nie.

Kom ek probeer u help. Is sy naam nie Vuyani nie? -- Ja, dit is Vuyani.

En beide hierdie persone was lede van die Western Cape Civic Association op daardie stadium. Stry? -- Ja, beide van hulle, Dlikilili en Vuyani was lede gewees. (10)

HOF : Van u tak? -- Ja.

MNR. FICK : Hoekom is hierdie tak toe nooit gestig nie, volgens u? -- Ek weet nie, want ek was nie deel van die groep mense wat te doene gehad het met die stigting nie.

Dan wil ek met u gaan na 28 Februarie 1985. Kan u onthou dat op hierdie datum het die Western Cape Civic Association, UWO en COSAS daar in Zweletemba 'n vergadering gehou in die huis van David Hlongwane? -- Ons het nie met die kinders vergader nie.

HOF : Was daar 'n vergadering? -- Daar was nie 'n vergadering (20) nie.

MNR. FICK : UWO het van tyd tot tyd dokumente gestuur van sy hoofkantoor af vir u tak in Zweletemba onder andere ook oor sekere besluite en vergaderings wat gehou gaan word. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Ek wil aan u 'n dokument toon. Is hierdie een van die dokumente wat u gekry het? -- Net vir rekorddoeleindes dit is 'n dokument met die opskrif United Women's Organisation Branch letter about conference gedateer 5 Mei 1985? -- Nee, ons het nie so iets ontvang nie. (30)

Het UWO n konferensie beplan vir 1985? -- Ja, dit was beplan, maar soos ek alreeds gesê het in Juliemaand 1985 was ek nie meer n lid gewees nie.

Is dit ook so dat daar beplan was om by die konferensie n nuwe bestuur te kies vir UWO? -- Dit is so, ja.

En daar was aan die takke n omsendbrief gestuur om te sê wie is al die mense wat deur die verskillende takke genomineer is vir die nuwe hoofbestuur? -- Dit is so, ja.

Ek wil aan u stel, die dokument daar voor u, dit is die brief wat die nominasies bevat? Ek wil dit aan u stel u (10) het hierdie brief gekry, want volgens hierdie skrywe sou die konferensie gehou word n week na 5 Mei 1985. Toe was u nog aktief in UWO? -- Ek erken dat u reg is dat daar wel voorbereidings was vir die verkiesing in daardie konferensie, maar ons het dit nie per brief ontvang nie. Ons was mondelings in kennis gestel van so n konferensie wat gehou gaan word.

Deur wie? -- Elizabeth en Irene Mofolo het n vergadering bygewoon. Met die twee se terugkoms het hulle toe aan ons verslag gedoen mondeling dat daar n konferensie gehou gaan word in hierdie opsig. (20)

Het hulle ook gerapporteer aan u wat op die konferensie besluit gaan word en bespreek gaan word? -- Hulle het ons gesê van mense wat genomineer moet word vir die verkiesings.

Het hulle ook vir u gesê van die ander besluite? Ek sal aan u die besluite stel en hoor of u hulle erken?

HOF : Ek wil net duidelikheid kry oor die antwoord. Het die mense teruggekome en gesê daar moet nog mense genomineer word of het hulle gesê die volgende mense is genomineer? -- Hulle het vir ons die name van die mense genoem wat van ons kant af genomineer moet word wat dan deel moet neem aan die (30)

verkiesing/...

verkiesing van die nuwe bestuur.

Ja, ek weet nie of ek dit heeltemal mooi begryp nie. Die indruk wat ek gekry het van die advokaat is dat hy sê dat daar mense genomineer is en sê dat hierdie mense is nou aangewys en uit hulle kan julle die nuwe bestuur kies? -- Dit is presies wat ek probeer sê. Dat daar name gebring was na ons en ons was toe gesê dat ons van daardie mense sal moet kies.

MNR. FICK : Behalwe die name is daar ook voorgestelde besluite na julle toe gebring deur Elizabeth Bushwana en (10) gesê julle moet daaroor dink en julle moet besluit wat is julle tak se houding oor hierdie voorgenome besluite? -- Wat se besluite praat u van? As u my net kan sê.

Is daar onder andere een van die besluite wat aan u oorgedra is dat daar 'n groep persone gekies moet word wat moet ondersoek instel hoe die werk van UWO en UDF gekoördineer kan word? -- Ja, dit is so.

Daar was ook 'n besluit gewees dat julle sal die "freedom charter" aanvaar in UWO en dat julle die "freedom charter" sal gebruik in julle werk onder die vroue? -- Ja, dit is (20) so.

En dat UWO te alle tye die "freedom charter" sal gebruik in sy optrede om Suid-Afrika te hervorm?

MR TIP : Are these being put on the basis of decisions at the conference or of matters to consider?

COURT : This is a question, that this was resolved. Well, it is put like that and if the witness agrees, the witness agrees. If the witness does not agree, then the witness does not agree. In re-examination you can attempt to straighten it out if it is wrong according to you. (30)

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Is dit reg so? -- Dit is nie so nie.

Is dit ook so dat daar gesê is dat UWO sal die dertigste herdenking van die "freedom charter" vier? -- Ons het nie daarvan gehoor dat daar so 'n herdenking gedoen sal word nie.

Is dit ook so dat die kwessie van SACTU, South African Congress of Trade Unions is bespreek en daar is besluit dat ook die herdenking van SACTU moet gevier word dat SACTU bekend kan word onder al die werkende mense? -- Hierdie dinge soos gestel aan my deur die advokaat was gesê gewees en dit was besluite wat geneem word in Kaapstad wat dan later na (10) ons toe gestuur word, byvoorbeeld dat ons 'n boodskap kry dat dit die besluite is, maar ons het nie veel daarop ag geslaan nie, want ons was meer bekommerd oor die plaaslike dinge wat daar met ons gebeur het. Dus het ons dit nie verder uitgevoer nie, al het ons daarvan gehoor.

En is dit so, later na die konferensie is daar skriftelik - het julle die notule van die besluite gekry, alhoewel, soos u nou sê, u het nie veel daaromtrent gedoen nie? -- Ja, dit is so.

Ken u die publikasie met die naam van Grassroots? -- (20) Ek hoor af en toe daarvan.

Is dit nie so ook nie dat hierdie Grassroots publikasie het 'n opleidingskursus, 'n "workshop" soos julle hom noem gehou in Worcester in Junie 1985? -- Nee, dit is nie so nie.

Ek stel dit aan u, hierdie vergadering is gehou met die doel sodat julle plaaslik 'n komitee kan stig om saam met Grassroots te werk ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Sê u dit is gehou in Zweletemba of in die ander woonbuurtes?

MNR. FICK : Ek het nie sulke besonderhede nie. Ek weet (30)

net/...

net dit is gehou. Ek kan miskien nog name vir die getuie gee. Onder andere was James Issel en Davey Peterson ook teenwoordig by hierdie werkswinkel en dit is gehou in die advieskantoor waar sy gewerk het. Is dit korrek? -- Ek was nie by hierdie werkswinkel teenwoordig nie.

Nou wil ek met u gaan na Juliemaand toe, na die skolekwessie. Is dit so dat daar was in Julie 1985 'n klasseboikot aan die gang by die skool, by die Vusisizwe Hoërskool? -- Ja, ek onthou daar was so iets gewees.

En op 15 Julie 1985 was daar 'n vergadering gehou by (10) die hoërskool, ekskuus in die gemeenskapsaal deur die skoolkomitee? -- Dit is so, ja.

Op die vergadering is daar gerapporteer deur ene mnr. Makubalo dat die klasse word geboikot oor die dood van ene Matthew Goniwe? -- Dit is so.

En die ouers op die vergadering was ontevrede en wou weet hoekom gaan die boikot aan? -- Dit is so, ja.

En die jeugdigdes, die skoolkinders wat ook op die vergadering was het die vergadering ontwrig. Hulle het begin lawaai maak? -- Ontwrig? Wat het hulle gesê? (20)

Hulle het begin skreeu. Die vergadering was naderhand nie meer 'n normale vergadering nie. Hulle het geskreeu en 'n geraas gemaak? -- Ek het nie gesien nie. Ek het nie gehoor dat hulle so iets doen nie, maar wat ek wel kan sê is dat die vergadering het tot 'n einde gekom.

HOF : Te vroeg of op sy normale einde? -- Ons was nog besig om te praat soos ouers en die vergadering was toe gesluit. Dit was beëindig.

As gevolg van 'n lawaai? As gevolg van 'n ontwrigtig? -- Ja, dit was as gevolg van 'n lawaai dat die vergadering (30)

beëindig/...

beëindig was.

Wie het die lawaai gemaak? -- Ek het heel voor in die saal gesit. Daar was n groot lawaai gewees van agter, dit wil sê van agter in die saal.

Moes die voorsitter toe die vergadering sluit? -- Dit is so.

MNR. FICK : Die mense is in wanorde huis toe? -- Ja, ons is weg.

Is dit reg so, daardie selfde aand toe brand die administrasieraadskantore daar in Zweletemba? -- Terwyl ek by (10) my huis was die aand het ek daarvan gehoor dat dit aan die brand was daar buite.

Het u gaan kyk en gesien dit brand? -- Nee, ek het nie gaan kyk nie.

Het u die volgende dag gesien dit is afgebrand? -- Ja, op pad werk toe het ek gesien dat dit uitgebrand was.

Die Western Cape Civic Association het n grondwet gehad. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

En julle het n afskrif van die konstitusie gehad by julle voorheen voor julle aangesluit het? -- Ons het n afskrif (20) gekry daarvan, naamlik van die Western Cape Civic Association se grondwet maar ons het dit so verander dat dit moet pas in die omstandighede waar ons was.

Maar dit is tog ook so dat julle tak van die Western Cape Civic Association was deel van die groter Western Cape Civic Association wat sy grondwet gehad het. Is dit reg? -- Ja, ons het dit gehad, maar hulle het ons nie verplig om dit na te kom nie. Ons het die reg gehad om eie besluite te neem van wat ons dink gepas is vir ons om te doen in daardie area waar ons woon waar die tak gestig is. (30)

Is/...

Is dit reg dat volgens die grondwet van die Western Cape Civic Association het hierdie organisasie gestreef vir gelyke en sogenaamde demokratiese regte vir alle mense? -- Wat beteken dit nou?

Kom ons probeer dit makliker maak. Ken u hierdie dokument? Dit is 'n dokument met die opskrif "Constitution for the Western Cape Civic Association." -- Ja, ek sien dit.

Is dit die dokument wat u van praat wat u gekry het? -- Ja. Wag, laat ek eers 'n bietjie kyk. Ja, dit is die dokument. (10)

HOF : Wil u dit inhandig as 'n bewysstuk?

MNR. FICK : Ek sal dit graag eventueel wil inhandig.

HOF : Word dit belangrik of is net net nog 'n klomp papier?

MNR. FICK : Ek sal vra dat ons die numering van die ding terughou. Dalk erken sy dit, dan hoef ons dit nie in te handig nie. Ek wil u net verwys na die eerste bladsy paragraaf 3. Daar word gesê onder die "aims and objects - to strive for equal and democratic right for all the people in the wider Western Cape area." -- Dit is so, ja.

Tweedens is die taak dat julle moet "to mobilise the(20) community to take an active and positive interest in all civic matters." Is dit reg? -- Dit is so, ja.

"To ensure the communities are represented by those whom they choose democratically with a free hand"? -- Dit is so, ja.

"(d) To seek participation in the decision making in all matters affecting the people of South Africa"? -- Ek het nie die hele dokument deurgelees nie. Ek sien dit hier verskyn, ja.

Ek sal die volgende een oorslaan. "(f) To strive for(30) the/...

the extension of the right to all people to buy land under free of title at any place of their choice"? -- Ja, dit is so. Dit is wat ons eintlik in gedagte gehad het. Want ons het nie blyplek gehad nie. As ons die plek gekoop het, dan kan ek daar 'n huis bou waarin al my kinders kan bly.

Dan slaan ons die volgende een oor. Dan net die laaste een "To liaise, co-operate and embrace the activity of other organisations with similar aims and objects." Is dit reg? -- Ja, dit is so, met die doel dat ons alles op dieselfde vlak moet doen wat betref die samelewing van die mens, (10) goeie verblyf.

Ek stel aan u hierdie doelstellings van die Western Cape Civic Association soos ons dit nou gelees het, is dit eerstens duidelik, afgesien van wat u sê, dat die Western Cape Civic Association waarvan u deel was, was gekant en het gewerk teen die grondwetlike voorstelle en die uiteindelijke grondwet van die Republiek? -- Dit is nie so nie. Ons in Zweletemba het die bes gedoen om samewerking te toon met die plaaslike besture. Ons het hulle altyd genader met probleme wat ons verwag het dat hulle vir ons sou oplos. Met die gevolg (20) is dat daar 'n goeie samewerking was tussen ons en die plaaslike besture.

HOF : Kan u net vir my sê wat is die laaste geleentheid waarop julle die plaaslike bestuur genader het met 'n probleem? -- Die laaste geleentheid wat ons iets met hulle bespreek het was toe ons hulle gesê het van die tekort van huise en die toestand van die latrine wat van die ou tipe was, wat geblok het meeste van die tyd, as gevolg waarvan die water van die latrine gevloei het en dat die kinders dus met die water daar buite gespeel het wat dan nie gesond was nie. (30)

Kan/...

Kan u n tyd plaas, n datum dalk? -- In 1983 het ons met hulle gepraat. Ek kan nie die maand onthou nie. Ons het later n brief geskryf gerig aan die administrasieraad, naamlik mnr. Pienaar, waarin ons hierdie probleme uiteengesit het vir hom. Ons het weer in 1984 die probleme uiteengesit, naamlik ons het uiteengesit vir hulle met die behuisingsprobleem dat daar omtrent dertienduisend inwoners was van Zweletemba terwyl daar net eenduisend driehonderd huise beskikbaar was. Ons het aan hom gesê dat ons het hierdie probleme gesien en toe besluit om samesprekings te voer en dit (10) bespreek om n oplossing te kry vir hierdie bestaande probleem.

Kan ons net duidelikheid kry nou. U het mnr. Pienaar genader by wyse van n brief en n skrywe en voorleggings en dié soort van ding. U het laas in 1983 die raad genader, die gemeenskapsraad? -- Ja, die ou raad.

Was dit aan die begin, die eerste helfte of die tweede helfte van 1983? As u nie kan onthou nie sê u net u kan nie onthou nie. -- Nie met sekerheid nie, maar as ek reg is was dit om en by die einde van 1983.

MNR. FICK : Ek wil hê u moet asseblief kyk na BEWYSSTUK (20) W32 volume 6 bladsy 16. Dit is n SASPU National van Desember 1984. U sal sien die boonste deel gaan oor Soweto en die onderste deel is daar "Cape - the problem is political." -- Ja, wat daarvan?

In hierdie artikel is n onderhoud met iemand van die Western Cape Civic Association . Daar word gesê in die eerste paragraaf na die vraag gevra is "How does the Western Cape Civic Association work. The Western Cape Civic is a unitary organisation with branches for zones all over the Western Cape African townships in Langa, Nyanga, Guguletu, Nyanga extension (30)

Crossroads, Worcester and Paarl. Each zone has an elected committee of sixteen people and they in turn elect representatives to sit on the civic co-ordinating council; that the zones are run through all sorts of meetings, mass meetings, street meetings and educational workshop. We also have an annual general meeting for the civic as a whole." -- Ja, dit is so. Daar word 'n algemene vergadering gehou elke jaar.

HOF : Is dit korrek dan dat die Western Cape Civic Association is 'n organisasie vir swartmense? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : En is dit so dat julle, die Western Cape Civic Association werk deur massavergaderings, straatvergaderings en opleidingskursusse? -- Ons het nog nie 'n massavergadering gehad te Zweletemba nie. (10)

Ek wil hê u moet kyk na dieselfde bladsy, die derde kolom die tweede laaste paragraaf onder die opskrif "Of what victories would the Western Cape Civic be proud." Daar word gesê "Also we managed to fight the community councils very effectively throughout the boycott of elections. Counsels are very weak here." -- Ja, ek sien dit, maar ek sal nie daarop kan antwoord nie. (20)

Nee, maar is dit nie so nie, u as deel van die Western Cape Civic Association se strategie was om teen die raadstelsel te werk ook in Zweletemba?-- Die rede hoekom daar nie samewerking was tussen ons en hierdie raadslede nie was omdat hulle nie daarin geslaag het of nie in staat was om ons klagtes uit te voer dat daar iets gedoen moet word aan dit waaroor ons gekla het nie. Sedert 1979 tot en met 1982 het hierdie liggaam bestaan en daar is niks wat gevorder het nie wat hulle uitgevoer het nie. Daar was nog nie werk vir mense gewees nie, nie huise nie, geen verandering van toestande/... (30)

toestande in die lokasie nie, die strate was nog net dieselfde. Ons woon nog op presies dieselfde manier waarop ons was voor die stigting van die liggaam.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

MIRIAM VUYISWA MOLELEKI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Ons is nog besig met BEWYSSTUK W32 bladsy 16 op dieselfde bladsy. Die tweede kolom die tweede paragraaf die twaalfde reël van bo af. "In the campaign against the Koornhof bills the townships realised these acts affect the whole community. Our first meeting (10) was attended by two thousand people who took a decision to reject the bills. They demanded a government which would enshrine the principles of the freedom charter." --Ja, ek hoor dit.

Ek stel aan u hieruit is dit weer eens duidelik dat u in die Western Cape Civic Association het h aktiewe kampanje gevoer teen die raadstelsel en u het beoog om die hele regeringstelsel te vervang met h stelsel wat in die "freedom charter" verkondig word? -- Dit is nie so nie.

U as h bestuurslid van die Western Cape Civic Associa-(20) tion in Zweletemba het seker geweet van die besluite en beleid van u hoofkantoor? -- Dit is so.

En julle het geaffilieerd gebly? -- Dit is so, ja.

Ek wil u na h volgende dokument verwys. Dit is BEWYSSTUK W47 in volume 8. Dit is h UDF Nuus van Augustus 1984. Die laaste bladsy van die dokument.

HOF : Wat is die erkenning ten aansien van die dokument?

MNR. FICK : UDF kantore, Johannesburg. Op hierdie laaste bladsy, dit is die derde kolom - ek is jammer, ekskuus, eers die tweede kolom die heel laaste paragraaf "Daar was ook (30)

entoesiastiese/...

entoesiastiese UDF vergaderings op Upington, Vredendal, Kimberley, Swellendam, Touwsrivier, Robertson, Worcester en Beaufort-Wes. Al die vergaderings was gekenmerk deur die eenheid van ons mense, jonk en oud, kleurling en 'African' het bymekaar gekom? -- Dit was 'n vergadering wat in 'n kleurlinggebied gehou was.

En was u daar? -- Ja, ek het die vergadering bygewoon.

Namens watter organisasie? -- UWO.

Kan u vir ons 'n datum gee, wanneer was hierdie vergadering? -- Ek kan nie die datum onthou nie, ook nie die maand(10) nie.

Wie het hierdie UDF vergadering gereël in Worcester? -- Toe ons daar gekom het, het die kleurlinge gesê dat hulle dit alreeds gereël het. Eintlik was dit in die kleurlinggebied.

Maar kyk, u het namens UWO gaan praat. Iemand het u tog uitgenooi na hierdie vergadering toe? -- James Issel en Peterson.

Waaroor het hierdie vergadering gehandel? Wat was die tema van die vergadering? -- Dit het gegaan oor hierdie verkiesing wat gehou sou word wat die indiërs en kleurlinge (20) toegelaat het om aan deel te neem sonder dat ons die swartmense daar in ag geneem word.

Die vergadering was 'n protesvergadering teen u namens UWO en die ander mense wat daar was, moes gaan protesteer daarteen? -- Ja, want ons as vroumense van Zweletemba in hierdie organisasie van UWO het beoog dat ons ook toegelaat moet word om deel te neem aan hierdie verkiesing sodat ons klagtes ook aandag kan geniet, want ons klagtes het nie verder gegaan as die raadslede of die administrasieraad nie. Die doel dan van hierdie vergadering was om hierdie klagtes(30)

van/...

van ons verder te kan uitvoer na die hoogste gesag.

Wie het die Western Cape Civic Association op hierdie UDF vergadering verteenwoordig? -- Abel Dlikilili en Sebiko.

Dit is nou Harris Sebiko wat ons nou van praat? -- Ja, dit is so.

En COSAS, was hulle ook verteenwoordig by hierdie UDF vergadering? -- Ek het nie opgelet nie.

Dan nog steeds in hierdie selfde bewysstuk, dieselfde bladsy van W47 die heel laaste kolom die heel laaste paragraaf onder 'n foto word daar gesê "Boland afgevaardigdes by die (10) UDF plattelandse konferensie te Worcester. Meer as veertig plattelandse gebiede was teenwoordig." Wanneer was hierdie UDF konferensie gehou in Worcester? -- Ek weet nie daarvan nie. Ek kan nie nou wat ek hier staan daarvan onthou nie.

Kan u glad nie onthou dat daar 'n konferensie van veertig plattelandse gebiede in Worcester was nie? -- Wanneer was hierdie ding? In 1983 of wanneer?

Ek weet nie, maar al wat ek vir u kan sê is, dit was gerapporteer in Augustus 1984 se UDF Nuus? -- Dit was gedurende 1984 toe ek weg was van Worcester af vir 'n tydperk van (20) twee maande. Ek was in die Transkei gewees waar ek met verlof was. So, ek kan nie sê of dit nou miskien plaasgevind het tydens my afwesigheid van Worcester af nie.

U het in u hoofgetuienis getuig dat u in die Western Cape Civic Association 'n briewe geskryf aan die raadslede waarin u gevra het om die raadslede te ontmoet en dan het hulle geweier en dan het u weer briewe geskryf aan mnr. Pienaar en gevra om met hom te praat? -- Dit is so.

Watter jaar het julle hierdie briewe geskryf aan die raadslede wat hulle geweier het om julle te ontmoet? -- (30)

Dit/...

Dit was in 1983 en 1984.

U weet in 1984 was mnr. Badi 'n raadslid en ek het hom hieroor gevra en hy het dit ontken en gesê dit is leuens, daar is nie so iets nie? -- Ek sal nie kan sê of dit in sy tyd was wat hy op die raad gedien het - die plaaslike raad nie, maar ek onthou daarvan dat ons 'n brief geskryf het aan die ou raad wat bedank het asook aan die nuwe raad.

Weet u daarvan dat Matthews Kapa en Shepard Matshoba het voor 1984 - was hulle lede van sogenaame "council committee" wat saam met die raadslede gewerk het? -- Nee, (10) hulle het nie saam met die raad gewerk nie. Nie voor 1985 nie. Die eerste keer wat hulle gekies was, was in 1985 toe die predikante van Zweletemba met die boodskap teruggekom het van die dorp af dat daar 'n versoek gerig is deur die mense in die dorp dat mense gekies moet word wat Zweletemba sal K1301 verteenwoordig. Daar was toe 'n vergadering geroep in 1985. Nee, dit was 1986, jammer. Dit is waar die mense besluit het op vyf lede van die "civic" as verteenwoordigers van die gemeenskap wat die probleme betref. Dit was nie gesê dat die mense, dit wil sê die gemeenskap die vyf mense (20) moet kies nie, maar dit was in die saal gewees waar die gemeenskap besluit het op die vyf en toe die vyf persone gekies het as verteenwoordigers. Hulle was toe die verteenwoordigers gewees van daardie tyd af. Voor dit, nee.

Ons sal dit nou net duidelik kry. Is dit so toe hierdie vergadering plaasgevind het waar u van praat waar die vyf verteenwoordigers aangewys is, was daar meer as 'n jaar lank nie meer raadslede wat aktief was in Zweletemba nie? -- Dit is so, ja.

Toe word hierdie twee persone wat u van gepraat het (30)

Kapa/...

Kapa en Shepard Matshoba gekies saam met drie ander? -- Ja, dit is so. Eintlik was hulle sewe.

Die ander persone wat ook gekies is op hierdie komitee, was hulle ook lede van die Western Cape Civic Association? --Nee, dit was onderwysers gewees.

Wie was die voorsitter van hierdie komitee wat gekies is?

HOF : Stel ons belang in wat in 1986 gebeur het? Dit is nou meer as ses maande buite die akte van beskuldiging?

MNR. FICK : Net om aan te dui wat uiteindelik gebeur het (10) na die - die staat se betoog sal wees dat hulle het gewerk vir die tot niet gaan van die administrasieraad ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hierdie dame was nie eers lid meer van die "civic" op daardie tydstip nie.

MNR. FICK : Dit is so. Eintlik net om aan te toon hulle het in wese die administrasieraad oorgevat, maar ek sal dit daar laat. U het in u hoofgetuienis ook getuig toe u gevra is wat is die verhouding tussen UDF, UWO en Western Cape Civi Association het u gesê die UDF is daar om u in (20) Zweletemba te ondersteun en u het u klagtes aan hulle oorgedra wat hulle weer moet oordra aan die outoriteite, het u dit genoem. Het u enige klagtes van UWO of Western Cape Civic Association wel oorgedra aan die UDF wat u van weet? -- Ja, daar was klagtes wat oorgedra was.

Uit u eie kennis, het u self enige klagtes aan UDF oorgedra? -- Daar was spesiale lede gewees wat gekies was om hierdie klagtes oor te dra aan UDF. Ek was nie een van hulle nie.

Weet u uit u eie uit of UDF enige van u klagtes (30)

opgeneem/...

opgeneem het of iets daaraan gedoen het? -- Volgens my waarne-
ming, ja, daar was, want die volgende ding het end gekry,
naamlik dat jy nie meer gearresteer was as jy 'n mens gaan
besoek het by die enkelkwartiere van die hostel nie en dit
het nie meer gebeur dat 'n mens gearresteer word indien 'n
persoon besoek afgelê het by die enkelkwartiere of waar jy
jou man besoek het nie en hierdie ding dat ons nie by die
fabrieke in diens geneem mag word het tot 'n end gekom. Ons
was in diens geneem by die fabrieke. Op die huidige oomblik
werk ons nou by die fabrieke. Daar is huise wat nou gebou(10)
word waarin die mense bly. Daar is 'n kleuterskool wat nou
bestaan. Daar is sekere dinge eintlik wat hulle begin het
na die klagtes deur die organisasies.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ek verstaan nie mooi nie, bou die
UDF die goed? -- Volgens ons het die UDF het die gesag genader
om hierdie dinge reg te kry. Die dinge word gedoen deur die
persone in beheer van die gebiede.

MNR. FICK : Uit u eie kennis uit, weet u of die UDF enige
gesag genader het om dit gedoen te kry? Net ja of nee? --
Toe ons gesien het dat daar sekere dinge reggestel word, (20)
het ons aanvaar dat die UDF met die hoë gesag gaan praat het.

HOF : Het daar 'n verandering in regeringsbeleid gekom wat
betref die permanentheid van swartes in die Wes-Kaap? -- Ja,
ons is nou daar permanent. Byvoorbeeld elkeen wat daar gebly
het vir meer as tien jaar, het die reg om daar te bly.

En van wanneer af geld dit? -- Van 1985 af.

En van wanneer af het hierdie veranderinge ingetree? --
In 1986.

MNR. FICK : U het ook in u hoofgetuienis getuig dat in Junie
1984 was daar 'n openbare vergadering gehou in Zweletemba (30)

waar/...

waar die mense die raadslede na toe uitgenooi het. By hierdie vergadering het julle die raadslede gevra wat het geword van al die huise wat hulle julle belowe het?

HOF : Wanneer was dit?

MNR. FICK : In Junie 1984 by n openbare vergadering soos hy gesê het in die "civic hall" in Zweletemba? -- Dit is so, ja.

Wanneer sou die raadslede hierdie beloftes aan julle gemaak het oor die huise? -- Sedert 1979 toe hulle vir die eerste keer daar bestaan het as raadslede. Toe het hulle(10) ons belowe dat hulle dit vir ons gaan reg maak.

Hierdie raadslede wat julle nou konfronteer is in hierdie selfde jaar 1984 eers gekies. Hulle weet nie van 1979 se beloftes nie?

MR TIP : I object to the way that is put. There is evidence that some of the councillors on the previous council were on the new one as well.

MNR. FICK : Vyf van die sewe raadslede wat julle daar gehad het op die vergadering was genomineerdes wat in 1984 eers genomineer is? -- Ja, hulle was net bygesit. Daar was nie(20) verkiesings gehou nie, maar daar was net addisionele mense by die bestaande raadslede gesit.

En u wou toe gehad het hulle moet aan u verduidelik in verband met die beloftes van die huise? -- Wat gebeur het, is dat by die vergadering, die addisionele lede wat genomineer was, het vir ons gesê dat hulle nou genomineer is en wie hulle is en in watter hoedanigheid. Hulle het ook beloftes gemaak soortgelyk aan daardie beloftes wat die vorige mense gemaak het en toe vir ons gesê dat hulle daardie beloftes sal voldoen aan.

(30)

Badi was een van die manne wat hierdie beloftes gemaak het? -- Ja, hy was ook n lid van daardie klomp.

Wat die beloftes gemaak het? -- Ja.

n Ander aspek, weet u van enige groep wat daar rondgeloop het in die woongebied na September 1984 met n kis en vir die raadslede gesê het dit is hulle kis en die raadslid sal daarin begrawe word?

HOF : Doodskis?

MNR. FICK : Doodskis? -- Ek weet nie daarvan nie.

Dan het ons die verdere getuienis dat die raadslede (10) se huise met klippe gegooi is in 1984. Weet u daarvan? -- Daar is nie so iets nie.

Die vergadering van 18 September 1984, was u op daardie vergadering? -- Nee, ek het nie daardie vergadering bygewoon nie.

Die persoon Badi, ken u hom goed? -- Ek ken hom. Hy is n inwoner van Zweletemba.

Is dit so dat Afrikaans word daar algemeen gepraat in Worcester distrik en baie swartmense kan Afrikaans praat? -- Nee, nie in die lokasie nie. (20)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nou nie duidelik wat u bedoel nie. Bedoel u dat daar word nie Afrikaans in die lokasie gepraat nie of bedoel u dat die swartmense in die lokasie kan nie Afrikaans praat nie? -- Die meeste van die mense in die lokasie kan nie Afrikaans praat nie, want Afrikaans word nie in die lokasie gepraat nie.

HOF : U het die vorige vraag van my assessor baie goed verstaan, want u het begin antwoord voordat dit getolk is. So, u ken Afrikaans goed? -- Ja, ek verstaan Afrikaans hier en daar, want ek het in De Doorns groot geword. (30)

Op watter plaas? -- Op die spoorwegterrein daar. Daar was huise op daardie plek.

MNR. FICK : Is dit so dat die Western Cape Civic Association en UWO se doel met hulle affiliasie by UDF was om deel te neem aan die "united" aanslag, verenigde aanslag om die swart plaaslike besture en die grondwet verander te kry. Is dit reg? -- Dit is nie so nie.

Vir watter doel het u dan aangesluit by UDF? -- Ek het al vroeër gesê dat omdat die UDF gesê het dat hulle in staat is om probleme na die hoogste gesag te neem, het ons toe (10) met die probleme wat ons gehad het by UDF aangesluit, geaffilieer.

h Ander aspek, u seun was in 1984 op skool gewees. Is dit reg? -- Watter skool?

Vusisizwe? -- Ek het nie h seun gehad te Vusisizwe skool nie. Ek het wel h dogter gehad.

Is dit so dat by hierdie skool Vusisizwe was h organisasie van skoliere? -- Ek weet nie wat daar by die skool plaasvind nie.

Het u nog nooit gehoor van h organisasie met die naam (20) van COSAS nie? -- Ek het daarvan gehoor, maar ek het nie juis veel ag geslaan daarop nie, want dit was die kinders se organisasie.

Is dit soos u gehoor het h organisasie vir kinders by Vusisizwe? -- Ek het net gelees van die koerantberigte en ook gehoor van mense dat dit bestaan by skole, maar ek het nie h goeie idee van wat presies gebeur het nie, want ek het nie eintlik belang gehad om verder te weet van hierdie organisasie nie.

Het u dogter u niks daarvan gesê nie? -- Niks aan my (30) gesê/...

gesê daaromtrent nie.

HOF : In watter standerd was sy in 1984? -- Dit was haar eerste jaar te Vusisizwe na die hoër primêre skool. Sy was jonk. Sy was omtrent 13.

MNR. FICK : Is dit ook so dat mense van Zweletemba is met h bus na hierdie begrafnis van Matthew Goniwe in Cradock? -- Dit is so, ja.

Is u self saam? -- Nee, ek het nie gegaan nie.

Het iemand van UWO gegaan? -- Daar is van die mense wat gegaan het. (10)

Die bestuur? -- Ja, daar was.

En het van die bestuur van die Western Cape Civic Association in Zweletemba gegaan? -- Daar was mense gewees te Worcester wat familieledede was van Goniwe. So, hulle is die mense wat gereël het dat daar h bus moet wees wat die begrafnis bywoon. Ek neem aan daar was mense gewees wat van die bestuur van Western Cape Civic Association was wat ook gegaan het met die bus, maar hulle was nie afgevaardig deur die organisasie nie. Hulle was nie gevra om te gaan deur die organisasie nie. Hulle het net op hulle eie gegaan. (20)

Is die weergawe nie h bietjie anders nie. Daar is h bus gereël van Kaapstad deur UDF en hy het mense orals opgelaai en hy het mense in Worcester en die afgevaardigdes ook daar opgelaai vir hierdie begrafnis van Matthew Goniwe en twee ander in Cradock? -- Hoe die familieledede van die oorlede Goniwe daar gereël het dat daar h bus in Worcester gaan wees om die begrafnis by te woon, weet ek nie. Wie dit gereël het namens hulle weet ek nie, maar wat ek vir die hof kan sê is, die bus het direk vanaf Worcester vertrek na die begrafnis toe. Dit was nie h bus wat draaie gegaan het van ander plekke (30)

af/...

af en na Worcester toe gekom het nie, maar dit was 'n bus gewees wat bedoel was vir enigeen, nie noodwendig mense wat afgevaardig was deur die Western Cape Civic Association nie, maar enigeen wat die begrafnis wou bygewoon het.

Het Matthews Kapa nie ook die begrafnis gaan bywoon nie? -- Ek weet nie of hy die begrafnis bygewoon het of nie. Al wat ek vir die hof kan sê is, daar was mense gewees wat die begrafnis bygewoon het. Of hy nou een van hulle was, weet ek nie.

En is u seker u was ook nie daar nie? -- Wanneer was dit?
(10)
Watter jaar?

Julie 1985? -- Ek kan nie onthou of ek wel gegaan het of nie, want ek was nie heeltemal gesond gewees nie. Ek kan nie vir die hof met sekerheid sê of ek hierdie begrafnis bygewoon het nie.

Nee, hoe kan u nou nie sê u was Cradock toe vir 'n begrafnis nie? Dit was 'n baie groot begrafnis. Daar was duisende mense en daar was drie mense begrawe. Dit is Matthew Goniwe, Sparrow Mkhonto en 'n derde persoon wie se naam my nou ontgaan het, maar hulle was drie. -- Ja, ek onthou. (20)

U was daar? Is dit reg? -- Ja, ek neem aan dit is so.

Dit was die begrafnis waar eerwaarde Allan Boesak ook gepraat het? -- Ek kan nie so goed onthou nie. Soos ek sê, ek onthou so vaag. Daar was baie mense gewees en ek was nie gesond nie. Nou ja, my geheue is nie so goed nie.

En u was by die graf gewees, u was by die saal gewees? -- Nee, dit was nie in die saal gewees nie. Dit was sommer daar buite in die oop plek. Ek het nie daar gaan staan nie. Ek het in die bus gaan sit.

Daar was baie toesprake gemaak deur onder andere (30)

Boesak/...

Boesak en ander blankes? -- Ja, dit kan wees dat dit so is.

Daar was baie baniere gedra. UDF se banier was daar, CRADORA die "civic" van Cradock was daar baniere van gewees. Is dit reg? -- Ek het dit gesien, ja, maar ek kan nie onthou on watter omstandighede nie.

Is dit nie so nie, daar was nog ander baniere ook wat u gesien het? U het die ANC se banier daar gesien en die SA Kommuniste Party se banier ook daar gesien? -- Omdat ek nie belang gehad het by hulle nie, kan ek niks verder as dit sê nie, dat ek dit wel gesien het, maar ek het net nie (10) belang gehad in hulle nie.

Is dit so toe eerwaarde Boesak en die blankes gepraat het, het hulle gepraat en reg agter hulle was die ANC en die rooi vlag van die Kommuniste Party? -- Ek het hier vir die hof gesê al was hulle daar gewees dat ek dit gesien het, het ek net nie belang gehad in hulle om dit verder te kan beskryf nie.

En as u dit sien sal u dit beter onthou as ek vir jou dit wys. -- Ek sal dit kan onthou, maar daar is niks wat ek kan doen nie, want ek het eintlik nie belang by hulle nie. (20)

Hoekom ek vir u hierdie dinge vra is omdat u 'n stelling loop maak het in u hoofgetuienis dat van die stigting van UDF tot later het u nooit ooit geweet van enige sameswering tussen UDF en ander organisasies nie?

MR TIP : The evidence-in-chief is led in relation to the period of the indictment. Cross-examination has now continued in relation to events that fall outside the indictment.

COURT : I thought we were in July 1985. That is the indictment still. The indictment ended at April 1985 and was extended to July 1985. (30)

MR TIP : Only in relation to certain areas if I recall correctly.

COURT : I am not sure. You can address me on that.

MR TIP : I will have to look that up.

COURT : You may be right, but I am not sure.

MR TIP : If that is so, on that basis we object to this as with the other evidence concerning that period.

COURT : You cannot object if it is so. You must give me "vers en kapittel".

MR TIP : Well, I will do that. I will address you on (10) this.

COURT : Until you address me on, the question is allowed.

MNR. FICK : U edele, die staat is in besit van 'n video-opname wat gemaak is van hierdie begrafnis en die staat wil dit graag aan die getuie toon dat sy kan antwoord.

COURT : Does the objection stand? Dan moet ons hom nou eers uitmaak.

MR TIP : Yes, I wonder, if it is going to be a matter that has to be explored in depth with videos.

COURT : Well, it is clear that we are going to be shown (20) a video and it will go in as an exhibit eventually it seems.

MR TIP : Yes.

COURT : Well, what does the indictment say? The amended indictment?

MR TIP : Might I have a brief adjournment to assemble the various pieces?

COURT ADJOURNS. COURT RESUMES.

MR TIP : Perhaps it might abbreviate my address to your lordship if I were to refer your lordship immediately to volume 108 of the record where Sergeant Labuschagne was (30) giving/...

giving evidence and at page 5 364 Mr Fick who was leading the witness raised the question of the person Sparrow Mkhonto and went on to deal with the events of the funeral at Cradock on 20 July 1985. Your lordship will see on line 22 of that page Mr Bizos, who was in court on that day, said "Is this within the period of the indictment?" and Mr Fick went on to say "Nee, maar die staat voer aan dat hierdie getuienis toelaatbaar is" and he sets out a basis. Discussion followed and your lordship will see on page 5 367 at the foot of that page and 5 368 from line 28 on page 5 367 your lordship (10) ruled as follows "Daar is 'n sekere mate van wydte wat feite betref wat buite die akte loop. Daarmee gaan ek saam. 'n Mens kan nie spesifiek elke ding beweer in 'n akte van beskuldiging nie, maar as ek u toelaat om hier buite die akte te loop, dan loop u nog 'n maand later volgende keer en ons is aan die begin van 1986 en netnou is ons aan die einde van 1986 en ons lei daardie feite en waar gaan die saak heen? Die getuienis word nie toegelaat nie." I might just add to that that it is clear from paragraph 50 on the indictment onwards where the state regularly sets out that it is concerned with the period 20 August 1983 until the end of April 1985, (20) including paragraphs like 66 where material allegations are made about the co-ordination performed by officials of the UDF. So, it pegs itself to that period. Now, the question of July 1985 came up - an amendment was granted which your lordship will find in volume 34, I think it is at page 1 508 where a specific amendment was granted. Your lordship will find that on line 26 of page 1 508. Page 77 of the further particulars paragraph 5 Tsakane the words and COSAS are added. We indicated and the date is changed to "Oktober (30)

1984 tot Julie 1985." That is the only occasion that I am aware of that I can recall now where the indictment was specifically run out to include July 1985. So, I would submit on the strength of the general formation of the indictment and in particular your lordship's ruling on the very same issue made on 12 June 1986 in the evidence of Sergeant Labuschagne to which I have referred your lordship that there is no reason at all why a similar ruling should not be made at this stage and I therefore sustain my objections on those grounds. (10)

MNR. FICK : Twee aspekte. Eerstens het die verdediging in volume 107 en daarna weer in kruisondervraging na hierdie begrafnis en onder andere h punt daarvan probeer maak dat hierdie persone wat daar oorlede is, Goniwe, is vir die hof se gerief is h organiseerder van UDF. U sal dit vind in BEWYSSTUK W51. Die bladsye is nie genommer nie, maar op die sewende bladsy onder die opskrif "elections", volume 8. Die verdediging maak h punt daarvan onder andere dat hierdie persone het openbare verklarings gemaak voor hulle dood dat hulle teen geweld is en dit is aan die getuies gestel en (20) dan ook verder is oor die begrafnis gestel ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wag net so h bietjie. U sê die verdediging het daarvoor gaan kruisvra in volume 107, maar die beswaar is gehandhaaf in volume 108.

MNR. FICK : Die argument is dat die verdediging het gekruisvra daarvoor. Daar is sekere stellings wat hulle gemaak het en op rekord geplaas het oor hierdie begrafnis. Toe het die hof sy reëling gemaak. Daarna het hierdie getuie kom getuig sy was tot Julie 1985 nog lid van hierdie organisasie (30)

en/...

en is daar aan haar gestel dat hierdie organisasies het gereis na Cradock to waar hierdie organiseerder van UDF begrawe is. Wat die staat wil aantoon deur middel van die video is dat daar UDF baniere is, Kommuniste Party se baniere is en ANC se baniere is ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Al die goed het sy nou al erken?

MNR. FICK : Ja.

HOF : Nou wat meer?

MNR. FICK : Hulle is as 't ware begrawe, die kiste is gedrapeer in hierdie vlae en daar is gesing van Umkhonto (10) we Sizwe en dit is die staat se argument dat hierdie getuie is ongeloofwaardig as sy vir hierdie hof kom sê onder andere dat vandat UDF gestig is waar sy op die vergadering was en op geen stadium daarna het sy ooit bewus geword van enige sameswering tussen die ANC en UDF en die SAKP nie. Nou wil die staat aantoon dat op hierdie begrafnis was sy bewus daarvan, sy moes dit gesien het, sy het gesien wat hier aan die gang is, moes sy bewus geword het hier is 'n sameswering aan die gang. Sy kan nie 'n stelling maak soos sy gemaak het nie. Ek doen aan die hand op hierdie basis is die video (20) toelaatbaar. Ek kan miskien net meld. Hier is 'n verandering in die omstandighede wat vroeër geheers het. Hier het die verdediging positief kom getuig dat daar is nie so 'n sameswering nie, na hierdie bevinding van die hof, hier is iets anders.

HOF : Almal het nog gesê daar is geen sameswering nie. So, dit is niks nuuts nie. Dit is geen nuwe feit nie. Dit is van die begin af so dat daar gesê was daar was geen sameswering nie.

MNR. FICK : Nuwe feit in die sin dat hier is 'n getuie wat (30)

op/...

op hierdie begrafnis wat bewus moes gewees het van dit is nie reg nie, die waarheid moet sy vir die hof vertel.

MR TIP : I reiterate the grounds on which the evidence-in-chief was led that it is a function of the period of the indictment and that my learned friend's contention that a funeral outside that period can now be put before your lordship in any way in order to establish the conspiracy alleged within the period of the indictment, that that evidence is not admissible.

COURT ADJOURNS.

COURT RESUMES.

UITSPRAAK/...

UITSPRAAK OP TOELAATBAARHEID VAN VIDEO

(Bladsye 22 089 en 22 090 gestuur vir
nasien)

MIRIAM VUYISWA MOLELEKI, nog onder eed

MNR. FICK : Geen verdere vrae nie.

RE-EXAMINATION BY MR TIP : Mrs Moleleki, you were asked about a document EXHIBIT W32 en I would like just to refresh your memory. It was put to you earlier this morning on the strength of a passage on page 16 of that exhibit that the Western Cape Civic Association was concerned to establish a government based on the freedom charter? -- That is so.

